23.3 ROEPINGSVERKLARING VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007 (vgl Agenda Deel II, bl 4 pt 12.1 10 en bl 30) (Notule bl ...)

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) Om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.
Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.
Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande.
Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) Om in deernis met ander saam te leef.
Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.
Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.
Aan God al die eer.